

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!*

***Yeshua is die hart van die Vader!***

**Parashah 18: Mishpatim (משפטים)** – regsuitsprake; riglyne; verordeninge.

*Hierdie is die regsuitsprake wat jy hulle moet voorhou.* Ex. 21:1 – PWL<sup>1</sup>

**Torah:** Exodus 21:1 tot 24:18.

**Haftorah:** Jer. 34:8 tot 22; Jer. 33:25 en 26.

**Nuwe Verbond:** Matth. 5:38 tot 42; Matt. 15:1 tot 20; Mark. 7:1 tot 23; Luk. 7:1 tot 8:3; Heb. 9:15 tot 22 en 10:28 tot 39.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 18 wat afgelaai kan word by: [Parashah18Notas14](#) en [Parashah18Notas15](#) en [Parashah18Notas16](#).

*If you can grasp those two truths – you are made in His image and dependent on Him—you will discover a great dignity and at the same time a profound humility. – Collin S. Smith*

*The reason why the Ten Commandments are short and clear is that they were handed down direct, not through several committees. – Dan Bennett.*

*Idolatry involves putting the things we love in the place of God or seeing God as a means of getting the things that we want. – Collin S. Smith.*

*My eleventh commandment is to make sure I follow the first ten. – Matshono Dhliwayo.*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL\_(Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [padwlewe@yahoo.com](mailto:padwlewe@yahoo.com) of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

*The only thing worse than being wrong, is to be wrong and to not know it – Rabbi Rendelman*

*There are two ways to be fooled. One is to believe what is not true. The other is to refuse to accept what is true – Soren Kierkegaard.*

## **Torah Bespreking**

### **Hersiening**

In verlede week se Torahstudie was die hoogtepunt toe YHVH-God direk met die volk gepraat het en Sy Karakter en Outoriteit soos dit in die tien gebooie opgesom word, aan hulle openbaar het.

*16 Dit het op die derde dag, met die breek van die dag, gebeur dat daar harde stemme en weerlig en 'n swaar wolk op die berg was en die klank van 'n baie harde ramshoring sodat die hele volk wat in die kamp was, gebewe het. 17 Moshe het die volk uit die kamp uitgelei om God te ontmoet en hulle het gaan staan by die voet van die berg. 18 Die hele berg Sinai was in rook omdat יהוה in 'n vuur daarop afgekom het. Sy rook het opgetrek soos die rook van 'n hoogoond en die hele berg het vreeslik geskud. Ex. 19:16 tot 18.*

Maar na die gee van die tien gebooie het ons geles van die vrees wat oor die volk gekom het:

*18 Die hele volk het die stemme gehoor, die blitse, die klank van die ramshoring en die rokende berg gesien. Toe die volk dit sien het hulle gebewe en op 'n afstand bly staan. 19 Hulle het vir Moshe gesê: "Praat u self met ons en ons sal luister, maar laat God nie met ons praat nie sodat ons nie sterf nie. 20 Moshe sê vir die volk: "Moenie bang wees nie, want God het gekom om julle te toets en sodat Sy vrees by julle kan bly sodat julle nie sondig nie." Ex. 20:18 tot 20.*

Israel het vir Moses gevra om as middelaar op te tree en wat hy toe ook gedoen het.

*Die volk het op 'n afstand bly staan, maar Moshe het nader gegaan na die dik wolk waar God was. Ex. 20:21.*

Verlede week en hierdie week se Torahstudie vorm 'n eenheid gesien in die lig van die bloedverbond wat YHVH met Israel na hulle aankoms by Sinai gesluit het. Hierdie bloedverbond is uiters belangrik in Israel se geskiedenis, asook vir ons om die nuwe verbond in Yeshua te verstaan!

### **Die Sinai Bloedverbond**

Eerstens moet ons herinner word aan wat behels die sluit van 'n bloedverbond en die betekenis daarvan. Hoewel hierdie 'n studie op sy eie regverdig sal dit net kortliks bespreek word.

'n Bloedverbond word altyd gesluit tussen twee persone of tussen twee groepe (volke). In laasgenoemde geval sal die seremoniële sluiting tussen 'n verteenwoordiger van elke groep (volk) plaasvind.

Die sluit van 'n bloedverbond behels die volgende: 'n Aanbod (Voorstel), die aanvaarding van die aanbod (voorstel), die bekragtiging van die verbond deur bloed, en laastens die eet van 'n verbondsmaal.

Volgens die gebeure soos dit vir ons in Ex. 19:5 tot Ex. 24:11 beskryf word, sien ons al vier genoemde 'stappe' in die bloedverbond wat YHVH met Israel gesluit het. Moses het opgetree as die verteenwoordiger van die volk.

### Die aanbod

Met Israel se aankoms by Sinai het YHVH Sy aanbod aan Israel gemaak. Hierdie is 'n sinnebeeld van 'n man wat aan sy geliefde 'n huweliksaanbod maak! YHVH se aanbod behels die volgende:

*Daarom, as julle My stem sal gehoorsaam en My verbond nakom, sal julle 'n spesiale skat vir My bo al die volke wees, want die hele aarde is Myne. Julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees... Ex. 19:5 en 6.*

Dit is hierdie woorde – hierdie aanbod – van YHVH wat Moses vir die seuns van Yisra'el gebring het (Ex. 19:6b).

### Aanvaarding van die aanbod.

Hierdie aanbod het Moses aan die oudstes van die volk voorgehou soos YHVH hom beveel het (Ex. 19:7). Sonder huiwering het die volk eenparig die aanbod aanvaar:

*Die hele volk het saam geantwoord en gesê: "Alles wat יהוה gesê het, sal ons doen." Moshe het die woorde van die volk teruggevat na יהוה toe. Ex. 19:8.*

Na hierdie aanvaarding van die aanbod het YHVH vir Moses opdrag gegee om aan die volk te sê om hulself voor te berei om YHVH te ontmoet.

*"Gaan na die volk toe en sonder hulle vandag en môre af en laat hulle hul klere was en gereed wees vir die derde dag, want op die derde dag sal יהוה voor die oë van die hele volk op die berg Sinai afkom. Ex. 19:10 en 11*

Op die derde dag het YHVH vanaf die berg in 'n hoorbare stem aan die hele volk die inhoud van die verbond, wat ook die voorwaardes was, bekend gemaak, naamlik die tien gebooe (Ex. 20:1 tot 17).

Die tien gebooe, tesame met YHVH se aanbod, is in Hebreeus bekend as die *ketubah*, naamlik die huweliksvoorwaardes wat beide die bruid en bruidegom te alle tye moet eerbiedig. Deut. 4:12 tot 14 is die bevestiging dat die tien gebooe die bloedverbond is:

*12 en יהוה het met julle vanuit die middel van die vuur gepraat; julle het die klank van die woorde gehoor, maar geen vorm gesien nie, net 'n Stem. 13 Hy het vir julle Sy verbond aangekondig, wat Hy julle beveel het om te doen, dit is, die tien opdragte en dit op twee kliptafels geskryf. 14 יהוה het my in daardie tyd beveel om vir julle reëls en wette te leer sodat julle dit kan doen in die land waarin julle oortrek, om dit te besit.*

Die bloedverbond van Sinai is dus die tien gebooe, naamlik dié deel (voorwaardes) wat Israel moet gehoorsaam! Dan sal hulle 'n spesiale skat vir YHVH bo al die volke wees en sal hulle vir YHVH 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees.

## Bekragting met bloed

Met die *ketubah* in plek moet die verbondoreenkoms deur bloed bekragtig word. Hierdie deel van die verbondsluiting staan ook bekend as die sny van die verbond, asook die verseëling van die verbond met bloed.

Maar voor dit kon plaasvind moes Moses weer na YHVH op die berg gaan om verdere *mishpatim* (regsuitsprake, riglyne, verordeninge) te ontvang oor die toepassing van die tien gebooue. Hiervan lees ons in Ex. 20:22 tot Ex. 24:2.

Hierdie *mishpatim* kan breedweg soos volg gegroepeer word:

- Heiligmaking en mikvah (doop) – Ex. 19:10 tot 15.
- Aanbidding – Ex. 20:23 tot 26.
- Uitsprake aangaande mense verhoudings – Ex. 21:1 tot 28.
- Uitsprake aangaande eiendom – Ex. 21:29 tot Ex. 22:15.
- Uitsprake oor sedelike en morele gedrag – Ex. 22:16 tot 27.
- Uitsprake aangaande die eersteling en heiligmaking – Ex. 22:28 tot 31.
- Uitsprake oor reg en geregtigheid – Ex. 23:1 tot 9.
- Die Vasgestelde Tye van YHVH (Feestye) – Ex. 23:10 tot 17.
- Seëninge van gehoorsaamheid – Ex. 23:18 tot 33.

Dit is hierdie *mishpatim* wat Moses weer aan die volk voorgehou het en waarop die volk ook eenparig geantwoord het.

*Moshe het gekom en aan die volk al die woorde van יהוה en al die uitsprake meegedeel en die hele volk het met een stem geantwoord en gesê: “Al die woorde wat יהוה gesê het, sal ons doen.” Ex. 24:3.*

Hierdie *mishpatim* het Moses in ‘n boek opgeskryf en toe die verbond met bloed bekragtig soos ons in Ex. 24:4 tot 8 lees.

*4 Moshe het al die woorde van יהוה opgeskryf en die oggend vroeg opgestaan en by die voet van die berg ’n altaar en twaalf pilare, volgens die twaalf stamme van Yisra’el, gebou. 5 Hy het jongmanne van die seuns van Yisra’el gestuur wat brandoffers geoffer het en bulle as vredesoffers vir יהוה geslag het. 6 Moshe het die helfte van die bloed gevat en dit in komme gegooi en die helfte van die bloed op die altaar gesprinkel. 7 Hy het die Boek van die Verbond gevat en dit voor die ore van die volk gelees en hulle het gesê: “Alles wat יהוה gesê het, sal ons doen en ons sal gehoorsaam wees.” 8 Moshe vat die bloed en sprinkel dit op die volk en sê: “Hierdie is die bloed van die verbond wat יהוה met julle gesluit het volgens al hierdie woorde.”*

Hierdie woorde, tesame met die tien woorde (gebooie) staan bekend as die boek van die verbond.

*Hy (Moses) het die Boek van die Verbond gevat en dit voor die ore van die volk gelees en hulle het gesê: “Alles wat יהוה gesê het, sal ons doen en ons sal gehoorsaam wees. Ex. 24:7*

## **Die Verbondsmaal**

Al wat nou nog vereis word om dit ‘n geldige bloedverbond te maak, is die eet van die verbondsmaal deur beide partye van die verbond. Die leiers het Israel verteenwoordig!

*9 Moshe het opgegaan saam met Aharon, Nadav, Avihu en sewentig van die oudstes van Yisra’el 10 en hulle het die God van Yisra’el gesien en onder Sy voete was dit net soos ‘n vloerwerk van stene van saffier en so helder soos die hemele self. 11 Hy het nie Sy hand teen die leiers van die seuns van Yisra’el uitgesteek nie en hulle het God gesien en het geëet en gedrink. Ex. 24:9 tot 11.*

## **Opsommend**

YHVH het vir Homself ‘n bruid gekies wat ingestem het tot ‘n huwelik waar die bruid onderneem het om na Sy stem – die van die Bruidegom – te luister en om al die voorwaardes te gehoorsaam. Hierdie bruid wou YHVH na die Beloofde Land neem om daar ‘n teokrasie te vestig waar Hy in hulle midde kon woon en regeer, en waar die bruid ‘n koninkryk van priesters en ‘n afgesonderde nasie sou wees (Ex. 19:5 en 6).

Reeds in Genesis hoofstuk 1 het ons geleer dat YHVH se hartsbegeerte is ‘n huis en ‘n huishouding – ‘n bruidegom en bruid met kinders. Maar die sondeval in die tuin van Eden het hierdie plan gekortwiek! Dit is egter die bloedverbond by Sinia dat hierdie begeerte van YHVH weer momentum gekry het toe YHVH vir Hom ‘n bruid gekies het – Israel die bruid wat onderneem het om volgens die boek van die verbond saam met die bruidegom in die Beloofde Land te lewe!

Dit is uiters belangrik om te verstaan dat van die begin af was die verhouding tussen YHVH en die mens ‘n verbondsverhouding en was die Torah die instruksies wat hoort by die spesifieke verbond wat op ‘n gegewe tydstip geldig was. Daarom sien ons ‘n verskil in die Torah soos van toepassing was in die tuin van Eden – voor en na die sondeval. Dit het weer verskil van die Torah wat van toepassing was na die sondvloed en waarvolgens Noag moes wandel. En dit is weer opgevolg deur die Torah wat van toepassing was met die verbond met Abraham.

Dit beteken dat soos ons die Skrifte bestudeer, moet ons onderskeid maak van watter verbond daar van gepraat word en watter Torah saam met daardie verbond funksioneer. Die Torah wat YHVH aan Sy volk met die sluit van die bloedverbond by Sinai gegee het, is die boek van die verbond. Met hierdie Torah, tesame met die Torah soos aan Abraham bekend was, moes Israel die Beloofde Land in besit gaan neem!!

Vader Abraham was Israel se voorbeeld van vertroue in YHVH en van gehoorsaamheid deur na die stem van YHVH te luister en alles te doen wat God hom beveel het. Soos YHVH aan Isak gesê het:

*3 Bly as besoeker in hierdie land en Ek sal by jou wees en jou seën, want aan jou en jou nageslag gee Ek al hierdie koninkryke. Ek sal die eed nakom wat Ek teenoor jou vader,*

*Avraham, gesweer het <sup>4</sup> en Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees <sup>5</sup> omdat Avraham My stem gehoorsaam het en My opdragte, My bevele, My verordeninge en My wette nagekom het.” Gen. 26:3 tot 5.*

Met hierdie bloedverbond by Sinai moes Israel in die voetspore van hulle aardsvader Abraham stap om die Beloofde Land Kanaän in besit te gaan neem!! Hulle moes luister na YHVH se stem en volgens die boek van die verbond handel.

### **Bepeins of Bespreek.**

1. Dit is belangrik om te verstaan dat verbreking van die voorwaardes van ‘n bloedverbond die dood van die skuldige vereis. Dit is die betekenis van die bekragtiging van ‘n bloedverbond deur die bloed van die offerdier te sprinkel soos wat Moses gedoen het (Ex. 24:6 tot 8), of deur tussen die helftes van die dier(e) wat middeldeur gesny en teenoor mekaar gelê was, te wandel deur die wat die verbond sluit (Gen. 15:10 en 17). Die skuldige moet soos die verbondsdier sterf! Sou Israel dus hierdie boek van die verbond verbreek, dan moes hulle moes sterf!
  - Sal YHVH ‘n verbond verbreek? Nee, want YHVH is die getroue Verbondsgod (Deut. 7:9). God sal die verbond met Israel se vaders nie vergeet nie (Deut. 4:31).
2. Toe Israel by Sinai aangekom het was hulle ‘n koninklike priesterdom, want die eersgeborenes was die priesters soos ondermeer deur Ex. 19:22 bevestig word. YHVH se bedoeling was dat hierdie priesterdom as deel van die bloedverbond in Kanaän voortgesit sou word. In die boek van die verbond is daar geen sprake van ‘n ander priesterorde nie!

-o-o-o-o-o-o-o-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: [kontak@nuweliëd.info](mailto:kontak@nuweliëd.info)

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*